**Smit, A (red) 1995. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes — die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap.**

Kaapstad: Lux Verbi. 134 bladsye. Prys: R52,50

**Resensent: Prof M J du P Beukes**

In die Praktiese Teologie word sedert 1990 deurlopend klem gelê op vernuwing en dinamiek in gemeentes (C Burger: *Dinamika van 'n Christelike gemeente* 1991 en J Hendriks: *Gemeentes vertel* 1992). Arnold Smit en die ander skrywers gaan in *Nuut gedink oor leierskap* van die veronderstelling uit dat beide vernuwing en dinamiek in 'n gemeente alleen moontlik is met leiers wat oor die regte gesindheid, kennis en vaardigheid beskik'.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Paradigmaverskuiwing ten opsigte van gemeentebediening is besig om plaas te vind. Bekende strategie en strukture is besig om hulle lewenskrag en geldigheid te verloor. Uniformiteit is besig om plek te maak vir diversiteit — diversiteit in die sin van diverse gemeentes maar ook diverse lidmate in dieselfde gemeente. Hiërargie word vervang met gelykheid. Die sinode en sy besluite staan nie meer in die middelpunt nie, maar die plaaslike gemeente. Die toets vir geloofwaardigheid lê nie meer primêr in die opbou van die plaaslike gemeente nie, maar in die gemeente se 'missionêre samelewingsbetrokkenheid' (bl 36). In plaas van strakke bediening op 'n afstand, word eerder na 'n meer informele bediening gevra.

Arnod Smit en sy mede-werkers slaag daarin om 'n nuwe konsep van kerklike leierskap op die tafel te plaas. Hierdie leierskap hou deeglik rekening met die nuwe paradigmaverskuiwing wat ten opsigte van bedieninge plaasgevind het. Naas deurlopende verrekening van die nuwe tydvak waarin ons beweeg het, is die basiese grondslag vir al die skrywers dat vernuwing van kerklike leierskap nie primêr gesetel is in dit wat die leier doen nie, maar wie die leier as mens voor God en mens tussen ander mense is. Wees is belangriker as doen.

Nuwe teologiese besinnng en verrekening van die mens in sy leefwêreld vra dat rekening gehou moet word met nuwe spelreëls:

* Die gemeente is nie meer objek van die bediening nie, maar mede-subjek. Naas die herdermodel moet die liggaammodel sterker funksioneer;
* Elke gemeente is uniek. Elke gemeente het sy eie konteks en storie;
* Leierskap het te doen met prosesse. Die gemeente is 'n lewende organisme met prosesse en nie met programme en strukture nie;
* Die aanvaarding van diversiteit en pluralisme. 'n Uniforme bedieningsbenadering bevredig nie meer nie;
* Die prosesse in die gemeente moet sodanig wees dat die stem van die Gees altyd gehoor word. Die versorging van hierdie spiritualiteit is van die grootste belang. Die Gees moet telkens gehoor en gehoorsaam word;

Met bogenoemde spelreëls in die kop, word kerklike leierskap in hierdie publikasie onder die volgende hoofde behandel: begeleiding, presensie, visionering, fasilitering en energering. Die skrywers beskryf die kerklike leiers onder hierdie hoofde as diegene wat die mense by God verteenwoordig, die leiding neem met die fomulering van die gemeente se visie, die voorlopers in die fasilitering van die gemeente met die oog op die bereiking van die visie en diegene wat die gemeente entoesiastiese medewerkers maak.

Hierdie publikasie het betekenis vir elke lidmaat, predikant en kerkleier op watter terrein ook al. Dit het veral besondere waarde vir die gemeentes wat met gemeentebou besig is en 'n oog gekry het vir die paradigmaverskuiwing wat in die kerk en die land op baie gebiede plaasgevind het.

Die boek se waarde sou aansienlik hoër gewees het as die skrywers breër gewerk het aan die verhouding van ampte en die dienswerk van lidmate. Die Bybelse gegewens oor kerklike bedieninge, veral die uit die Pastorale briewe, behoort ook groter klem te gekry het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services